20 Oktober 2019 — Koninkrykstyd

Welkom by vandag se erediens!

Vandag se program

Predikant	**Ds. Attie Beetge**
Orrelis	**Johann Enslin**
Dienswerkers	**Jacques Groenewald & Vossie Jansen van Vuuren**
09:00	**Erediens**
10:15	**Kategese**
19:00	**Aanddiens: Moederkerk**

Koninkrykstyd

Deuroffer:

hugenote kollege

Waar Christenwees grondvat in opleiding

Sleutelhouers

In die kerkkantoor is sleutelhouers met name oor vanaf die basaar @ R25 elk. Indien dit u naam is, kom koop asb die sleutelhouer.

Die volgende name verskyn daarop nl. Pieter, Dawid, Pierre, Theo, Ernst, Ben, Albertus, Jan, Cassie, Shaun, Charl, MC, Jaco, Schalk, Chris, Jason, Koos, Bennie, NW, Jean en Helius.

Toerusting Missionêre Bediening

Die program aan die Hugenote Kollege rus lidmate en gemeentes toe vir interkulturele diens en getuienis. Gestuurdes van die Here wat kulturele grense oorsteek vind baat by kort kursusse wat sake aanspreek soos byvoorbeeld interkulturele kommunikasie, dienslewering en samewerking in onbekende gemeenskappe, die kruiskulturele verkondiging van die evangelie en bedieninge in informele nedersettings. Die toerusting word saam met gemeentes beplan en neem die spesifieke behoeftes, situasie en verwagte uitkomste van die betrokke gemeentes of lidmate in ag.

Belangrike inligting

Kinderbediening - Uitstappies

Graad 0-3
3 November uitstappie
Dunstone

Graad 4-10
1 Desember uitstappie
Bontebok

2019 DATUMS
om te dagboek is as volg:

10 November– **Nagmaal & Belydenisaflegging**
17 November om 09:00 - **Kleuterdiens**
17 November– **Kerssangdiens & Wit koevert Insameling** om 19:00
24 November – **Kategese asook die Gemeente se Jaareindfunksie** in die vorm van 'n gemeente **Bring en Braai**;
4 Desember - **Skole sluit**
13 Desember - **Senior Lidmate Kersete** - 17:00

Die ACVV winkel het verskuif na Malherbestraat 14A, regoor CPUT, waar Hospice voorheen was. Na byna 10 jaar in die Doubell gebou is die nuwe winkel groter en geriefliker. Ons wil graag almal bedank wat so gereeld donasies gee. Klere, linne en bric-a-brac is altyd welkom. Die maatskaplike werkers gebruik van die voorraad om ons kliënte volgens behoefte te help en verder dien dit as 'n deurlopende fondsinsamelingsprojek. Sonder julle ondersteuning kan die ACVV winkel nie oorleef nie.

Die nuwe winkelbestuurder is Melanie Pienaar (Sel 076 2068086).

Oktober Insameling

Graag herinner ons lidmate in die Distrik aan die Oktober Insameling waarvoor ons R 50 000 begroot het. Baie Dankie vir R 15 000 wat reeds ontvang is.

Preekopsomming – 27 Oktober 2019

Sien is glo. Sien is geloof - Matteus 25

Mense hoor en sien verskillend. Wat sien ons? Erens moet daar 'n maatstaf wees van wat ons sien. Liefde is die tyd saam met iemand spandeer om aandag aan hom/haar te gee. Hoeveel tyd spandeer ons aan verskillende dinge waaroor ons praat? Sou jy dalk hierdie tyd kon omsit in tyd vir liefde?

Matteus 25:9 - maar die verstandiges antwoord: "Nee, daar is nie genoeg vir ons en vir julle nie. Gaan liewer winkel toe en koop vir julle olie". Matteus 25:13 "Waak dan, omdat julle nie weet op watter dag en uur dit sal gebeur nie". 'n Stuk gereedheid – daar kom kanse wat jy die tyd kan gebruik om die Liefde van die Here oor te dra. Ons moet smagtend wees in alle omstandighede. Pak alle geleenthede in geloof aan. U moet 'n smagtende behoefte in u hart hê om 'n verskil te kan maak.

Die lewe gaan oor meer as menseregte, misdaad, geweld, aardverwarming ens. Indien julle meer tyd aan liefde spandeer sal die ander dinge vanselfsprekend regkom.

Waarna smag ons? Om in ontmoeting te staan met die lewende Here? Wat hoor en sien jy? Mag jou lig dalk die laaste verskil wees, of eerste in jou lewe. God se lig word nooit uitgedoof nie. Ons word geroep om vanuit die geloof te lewe.

Verjaarsdae

Waldie van Schalkwyk (3) – Kobus Bothma (3) – Corné Burger (3), Driekie Thiart (4) – Danie Allers (4) – Jacques Beukes (4) – Marelize du Plessis (4) – Marietjie Theron (4) – Erika Joubert (4) – Derik Koegelenberg (5) – Susan Hodgson (6) – Deon Mostert (7) – Kabous Marra (7) – Charles Malan (7) – Louis Malan (7) – Anlo Schietekat (7) – Dawid Fourie (8) – Hanlie Kotze (8) – Chris Erasmus (8) – Derick Marais (8) – Marie Strauss (9) – Marie Gerber (9) – Albertus Buckle (9) – Jocha Bauermeister (9) – Jaco-Thys Human (9)

Stille Nag

KERSSANGDIENS 2019

Sondag, 17 November 2019 om 19:00
NGK Wellington-Noord

met

Orreliste:
Johann Enslin & Winand Grundling
Slagwerk: Schalk Wasserman

Gaskunstenaars:
Gideon Lombard
André Terblanché
Jan Olivier

Kore van Hugenote Laerskool en Hugo Rust Laerskool

Ons gastekunstenaar is die bekende **Gideon Lombard**. Hy het bekendheid verwerf as veral akteur in Suidooster, Reuk van Appels. Hy is ook 'n uitmuntende kitaarspeler.

Basaar

Daar is weer heerlike wors beskikbaar teen R40/500g.
Beskikbaar by kerkkantoor.

WELLINGTON UNITE

WOENSDAG 4 DESEMBER 2019

Wellington UNITE word gereël deur 'n groep vrywilligers wie streef na 'n inklusiewe sin van gemeenskap. Die projek word ondersteun deur die NG Kerk Moedergemeente en die Wellington Wyn Roete. Alle besighede, geloofsgroepe, gemeenskap projekte, die onderwys en kulturele sektore en gemeenskapsorganisasies word uitgenooi om deel te hê.

- Wellington UNITE sal tafels en stoele voorsien wat 1000 gaste sal akkommodeer, met 10 gaste per tafel en die tafels 1m uit mekaar gespasieër vir maklike toegang tot beide kante van die tafel.

- Maak seker dat die reëlings in terme van die datum, tyd en parkering deurgegee is aan jou gaste.
  Elke gasheer / gasvrou is verantwoordelik daarvoor om hul eie tafel te dek met linne, breekware, eetgerei, glasware en, sou dit so verkies word, tafel dekor.

- Let asseblief dat Wellington UNITE se ete 'n streng nie-alkoholiese geleentheid is, siende dat ons van publieke spasie gebruik maak. Jy en jou gaste is welkom om jul eie nie-alkoholiese drankies te bring vir die ete. Ons beveel ook aan dat elke gasheer / gasvrou 'n ligte versnapering berei vir hul tafel om te geniet voor die formele ete bedien word.

Voel gerus om ons te kontak, of ons webtuiste te besoek, sou enige verdere inligting of klarigheid verlang word.

info@wellingtonaantafel.co.za | +27 (0)82 493 9087 | www.wellingtonaantafel.co.za